

Tema: 'n Nagbesoeker kan ook die Lig ontvang!

Woordbediening: Johannes 3:1-21 en Johannes 1:9-14

Nikodemus, “die bekende leermeester van Israel” het Jesus in die nag besoek (v 2). Seker maar, omdat hy bang was vir wat die mense van hom gaan sê. Maar Jesus se ontferming oor mense is so groot dat Hy selfs “nagbesoekers” ontvang en help.

Nikodemus was minstens bereid om sy eie onkunde te erken deur die vrae wat hy gevra het (v 4 en v 9). As ek opreg begin vrae vra oor die dinge wat ek nie verstaan nie is dit 'n goeie teken dat die Heilige Gees in my binneste werk. Net so, as ek die behoefte ervaar om die Woord van die Here beter te ken en te verstaan.

Die antwoord wat Jesus vir hom gegee het, behoort vir hom as leraar van Israel baie insig te gegee het, want Jesus gebruik twee skadubeelede van die woestynreis wat op Homself betrekking het: die slang op die paal (Num. 21:9) en die “wolk van heerlijkheid”, die lig, wat die tabernakel gevul het, sodat selfs Moses nie kon ingaan nie (Eks 40:35). Maar heel eerste moet hy ingelig word oor die werk van die Gees.

- Dis die Gees van God wat ons nuut maak en Hy doen dit soos Hy wil. Die kern van sy werk (die reiniging van ons sondes) word vir ons bevestig met die water by ons doop (3:5).
- As nuwe mense sal ons vir ons redding opkyk na Hom (glo in Hom) as die Gekruisigde, die Een wat in ons plek die vloek van God en mense gedra het, om van Hom die ware, die ewige lewe te ontvang (3:14,15).
- As nuwe mense sal ons nie bang wees om na God se Lig van heerlijkheid te kom nie, want Hy is “vol genade en waarheid” (Joh. 1:14). So sal dit duidelik wees dat ons God gehoorsaam en op sy manier ons redding van Hom wil ontvang (3:21).

Wanneer 'n mens egter aanhou om in die duisternis van onkunde oor God te leef, dan is hyself die rede vir sy veroordeling. Hy kom met ander woorde nie na Jesus toe om by Hom die lig van God se genade te leer ken nie, daarom bly hy 'n veroordeelde deur sy eie onkunde.

Vrae vir oordenking:

1. Het jy al “stilletjies” na die Here toe gegaan met 'n probleem?
2. Hoekom is ons skaam is om openlik te erken dat ons iets nie weet of verstaan nie?
3. Sal die Here ons 'n afjak gee as ons met opregte vrae na Hom toe kom?
4. Dink jy die Here het vir Nikodemus afgejak (vers 10)?
5. Of was Hy net verbaas oor Nikodemus se onkunde?
6. Dink jy Nikodemus het baat gevind by sy besoek aan Jesus? (vgl. 7:50 en 19:39)
7. Wat het jyself geleer uit Jesus se antwoord aan Nikodemus en dié se latere optrede?
8. Hoe gaan dit hanteer as iemand volgende keer met 'n vraag na jou toe kom?

Oor gebed

Waarom het Jesus ons geleer om God “ons Vader in die hemel” te noem?

- Lees en bestudeer Kategismus, Sondag 46.
- Dit beklemtoon ons intieme verhouding met Hom.
- Hy is alle mense se Skepper, maar nie almal se Vader nie.
- Hy is slegs deur Christus ons Vader.
- Hy is veel meer en beter as 'n aardse vader (Luk 11:13)
- Hy voorsien in die lewensbehoefte van alle mense (Mat 5:45), selfs vir diere en plante (Mat 6:26,27)
- Maar aan sy kinders bemaak Hy 'n koninkryk (Mat 5:3,10)
- Daarom moet ons na sy beheer (koninkryk) in en oor ons lewens soek (Mat 6:33) en Luk 11:13b)..